

14 Maart

Skrifgedeelte: Genesis 33:1-20

God verander ons sodat ons die verlede kan afhandel

Jakob het verander. In plaas daarvan dat hy agter die geskenke vir Esau aankom (32:18), gaan hy nou voor hulle uit (33:3). Hy wil Esau nie meer met geskenke omkoop nie. Jakob se vrees het in vertroue verander. Wanneer God 'n mens verander het, is jy gereed om die verlede in die oë te kyk.

Toe Jakob by Esau kom, gebeur 'n wonderlike ding. Esau omhels hom en hulle raak met mekaar versoen. Sonder om dit met woorde te sê, het Jakob met sy geskenke sy skuld bely, en het Esau met sy omhelsing vergifnis aangebied. Wanneer skuld bely word en vergifnis gegee word, kan die verlede hanteer en afgehandel word. Dan is versoening moontlik.

Jakob gaan na Sigeem waar hy 'n stuk grond koop en 'n altaar bou. Sy omswerwinge, letterlik en figuurlik, het tot 'n einde gekom. God se pad met sy kind kan soms lang en wye draaie maak. Op sy tyd bring God egter sy kind weer terug.

Die versoening wat Christus vir ons bewerk het, stel ons in staat om die verlede in die oë te kyk. Hy maak van ons nuwe mense, wat skuld kan bely en wat ander kan vergewe. Die gevolg is dat ons versoening met mekaar kan vind en van die verlede ontslae kan raak. Bevry van die las van die verlede kan ons al ons kragte inspan om God te dien en ons plek in sy koninkryk vol te staan.

Sing: Psalm 65:2,3

Ds JL van der Schyff (Petrusburg/Boshof)